Navrae
Enquiries E. A. Sias
IMibuzo
Telefoon
Telephone (021) 467-2788
IFoni
Faks
Fax (021) 467-2810
IFeksi
Verwysing
Reference 5/1/1
ISalathiso

Wes-Kaap Onderwysdepartement
Western Cape Education Department
ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF 0020/2001

AAN:

ALLE HOOFKANTOORPERSONEEL, AREA- EN KRINGBESTUURDERS EN VAKADVISEURS TE OMNIA-GEBOU

**GRAND CENTRAL-GEBOU : TOEGANGSKAARTE**

1. Toegang tot die gebou en sones binne die gebou word deur kaartlesers beheer en vir daardie doel is nuwe toegangskaarte aan alle hoofkantoorpersoneel uitgereik.

2. Die Departement van Korporatiewe Dienste, het die WKOD ingelig dat die tarief vir verlore toegangskaarte verhoog is vanaf R50,00 tot R55,00 met ingang van 1 Februarie 2001. In die lig van die koste betrokke, moet personeel voorsorg tref dat kaarte nie verloor of gesteel raak nie.

3. Personeel moet verseker dat toegangskaarte te alle tye sigbaar vertoon word. Dit is aan Risikobestuur-personeel opgedra om streng te wees in hierdie opsig. Hulle sal personeel derhalwe versoek om te bewys dat hulle werknemers is sou kaarte nie sigbaar wees nie. Verder is dit aan Risikobestuur-personeel opgedra om geen personeel wat nie permitte het nie toe te laat nie, tensy die nodige dokumente by die sekuriteitstoonbank voltooi is.

4. Personeel word versoek om te alle tye met Risikobestuur saam te werk om 'n veilige werkomgewing te verseker. Personeel word ook versoek om nie enige deure of draaihekke vir werknemers of die publiek met hulle kaarte oop te maak nie. Kaartgebruik in die verskillende sones word deur die elektroniese toegangstelsel gemonitor en verslae sal gereeld getrek word.

5. Verseker asseblief dat die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle belanghebbendes gebring word.

6. Verdere navrae kan gerig word aan:

Mnr. E.A. Sias : Tel. 4672788
Mnr. A. Willemse (Risikobestuur) : Tel. 4672699 of 4672358

HOOF: ONDERWYS
DATUM: 26/2/01